MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

ANTIEKMARK BARS UIT SY NATE

Pretoria, 6 Maart 2012. Daar is niks beters om op Menseregtedag te doen as om winskopies by die Voortrekkermonument se gewilde antiek- en versamelaarsmark te gaan soek nie. Die eerste mark van 2012 vind by die Voortrekkermonument Erfenisterrein op Woensdag, 21 Maart van 09:00 tot 15:00 op die dak van die groot Amfiteater plaas.

Verskeie nuwe uitstallers stal vir die eerste keer by die mark uit, aangesien stalletjies uiters gewild is en daar ‘n lang waglys vir voornemende uitstallers bestaan. Die antiekmark bied ‘n wye verskeidenheid versamelaars- en antieke items te koop aan. Dit sluit in munte, medaljes, porselein, edelgesteentes, juweliersware, kunswerke, boeke, ou plate en poppe, ou speelgoed, radio’s, kameras, wetenskapinstrumente – te veel om te noem.

Daar is verversings en ‘n restaurant beskikbaar by die antiekmark, asook ‘n paar heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig en kinders kan hardloop en speel, of aan ‘n begeleide perderit deelneem.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@voortrekkermon.org.za.

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za